DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL
John Vorster
Geregistreer as 'n niewinsgewende organisasie
REG NO: 023-864-NPO

E-POS adresse:
info@htsjv.co.za
finansies@htsjv.co.za
jeugleiding@htsjv.co.za

sias.botha@htsjv.co.za
adowd@htsjv.co.za

Posbus 31714 Meyerstraat 1072 Tel : 012 332 1760/1/2
TOTIUSDAL 0134 Rietfontein
Webblad: www.htsjv.co.za

15 Junie 2020

OUEROMSENDBRIEF 12 VAN 2020

1 Geagte JV-Ouers/-Voogde

Ek hoop dat dit met elkeen van u en u gesinne en families nog goedgaan en dat julle gesond is!

Ek wil graag die volgende inligting met u deel:

## 2 NUWE SKOOLKALENDER

Die nuwe skoolkalender is verlede week in 'n Staatskoerant met ons gedeel. Ek heg dit vir u gerief hierby aan op bladsy 5 en 6.

## 3 INFASERING VAN ANDER GRADE

Ons het ook bevestiging gekry dat die infaseringsfases soos wat ek in die vorige ouerbrief aan u genoem het, so sal voortgaan.

| | |
|---|---|
| Gr.10 en -11 | 6 Julie |
| Gr.8 en -9 | 3 Augustus |

Die skoolbestuur is besig om die opsie te ondersoek om moontlik aansoek te doen dat die gr.8 en -9-leerders ook op 6 Julie begin. Ons hou u op hoogte.

## 4 MATRIEKLEERDERS

### 4.1 Afwesighede

Dit gaan goed met die gr.12-leerders wat op 8 Junie weer begin skoolgaan het. Ek wil dit egter op die harte van ouers van matriekleerders druk dat geen matriekleerder van nou af sommer net tuis kan bly nie. Die tyd is min en daar is ook die bedreiging dat skole dalk weer moet sluit indien COVID 19 by van ons leerders of personeel geidentifiseer word. Ons moet nou klaarmaak wat ons kan.

## 4.2 Veiligheidsmaatreëls

Dit is ook van die grootste belang dat u elke dag die veiligheidmaatreëls in terme van COVID 19 met u kind bespreek. Ons neem waar by die skool dat leerders 'mak' raak en vergeet om hulle maskers op te hou en die sosiale afstande te handhaaf. Hulle moet besef dat ander mense se lewens in hulle hande lê.

## 4.3 Microsoft Teams

Die metode van onderrig wat ons tans gebruik d.m.v. Microsoft Teams werk goed en ons is oortuig dat ons baie verlore tyd so kan inhaal.
Alle lesse wat gedurende die week met die matriekleerders behandel word sal aan die einde van die betrokke week op Microsoft Teams geplaas word sodat die leerders dit weer kan deurgaan en vir hersiening gebruik. Maak asseblief hiervan gebruik sodat leerders wat nie in klastyd dadelik verstaan nie, die werk onder die knie kan kry.

## 4.4 Baardgroeikompetisie

Neem asseblief kennis dat die baardgroeikompetisie op Vrydag, 19 Junie sluit. Alle leerders moet op Maandag 22 Junie skoongeskeer by die skool aanmeld. Geen verskonings sal aanvaar word nie.

## 4.5 Toetsrooster

Die toetsreeks vir die gr. 12-leerders behels op hierdie stadium slegs drie vakke. Indien nodig sal ons later weer toetse byvoeg.

**DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL JOHN VORSTER**

**TOETSE GEDURENDE TWEEDE KWARTAAL**
**JUNIE 2020**

| DATUM EN TYD | GRAAD 12 |
|---|---|
| 23 JUNIE 8:00-9:00 | AFRIKAANS LETTERKUNDE |
| 25 JUNIE 8:00-9:00 | ENGELS LETTERKUNDE |
| 29 JUNIE 8:00-9:00 | WISKUNDE/ TEGNIESE WISKUNDE |

## 5 GRADE 8 TOT 11

Hierdie grade begin ook vandag (15 Junie) met hulle werk op **Microsoft Teams** in plaas van op die **communicator.** Al ons personeel het die afgelope twee weke intensiewe opleiding ondergaan om die maak van videolesse te bemeester, tot voordeel van u kinders. Die verskil tussen die videoles en die communicator is dat die leerders nou ‘n volledige verduideliking van die werk kry wat hy/sy oor en oor kan deurgaan totdat hy/sy dit verstaan en dan die huiswerk aanpak.

Alle lesse vir die hele week word vir alle vakke op die vorige Vrydag teen 12:00 gelaai. Dit is nie direkte uitsendings wat op ‘n gegewe tyd uitgesaai word nie; leerders kan nog steeds die werk doen op ‘n tyd deur die dag wat vir elke individuele gesin werk.

Microsoft Teams kan maklik op ‘n skootrekenaar afgelaai word deur gebruik te maak van ‘n soekstasie soos “Google”. Op ‘n tablet of slimfoon kan die toepassing (App) op die “Play store” afgelaai word.

(U kan ook van die volgende skakel gebruik maak om Microsoft Teams af te laai. https://www.microsoft.com/en-za/microsoft-365/microsoft-teams/download-app#desktopAppDownloadregion )

‘n Gebruikersnaam sal gevra word, daar sleutel u die naam in soos voorsien in ‘n vorige e-pos byvoorbeeld: 0000@htsjv.co.za. Die wagwoord is ook aan u verskaf (voorbeeld: **Ref12345**). ‘n Instruksie rondom die verandering van die wagwoord is ook in die vorige e-pos deurgegee.

Ons wil weer beklemtoon dat die lesse wat op die platvorm deurgegee word, die lesse en werk vir die week sal wees, en dat dit enige tyd van die dag of aand gedoen kan word (of oor naweke).

Indien u nie internet by die huis het nie, kan u u kind se onderrigmateriaal vanaf 20 Junie 2020, elke Saterdag, by die lapa tussen 09:00 en 11:00 kom afhaal. U bring net u eie geheuestokkie saam en die persoon daar aan diens, sal u kind se werk op u stokkie laai.

## 6 ONGEBRUIKTE REKENAARS, TABLETTE EN SLIMFONE

Ek neem ook vandag die vrymoedigheid om te vra dat indien daar enige **ongebruikte rekenaars, tablette of slimfone** by u huis rondlê, wat nie meer deur u of u gesinslede gebruik word nie, u dit asseblief aan die skool sal skenk. Daar is ‘n groot aantal van ons

leerders wat nie hierdie gerief by hulle huise het nie en ons wil dit graag ook vir hulle moontlik maak om die video-lesse af te laai en te kan aangaan met hulle werk.

Indien dit vir u moontlik is kan u die item by die hekwag afgee. Merk dit duidelik en vra die hekwag om dit aan me Roos in die kantoor te gaan gee. Skakel ook dan net vir me Roos en sê wat u daar afgegee het. Ongelukkig mag ons op die stadium glad nie besoekers op die terrein toelaat nie.

U hulp in die verband sal ongelooflik baie waardeer word.

## 7 MEDIESE TOESTANDE

Onthou asseblief om indien u besluit om u kind nie skool toe te stuur as gevolg van ‘n onderliggende siekte wat hom/haar ’n groter risiko maak om COVID 19 op te doen, die enigste personeellede met wie u hieroor kan kommunikeer me Renate Hattingh in die jeugleidingkantoor of me Kritzinger in die dissiplinekantoor is. U sal ook by die onderwysdepartement moet aansoek doen indien u hierdie roete wil volg. Die twee dames sal u daarmee kan help.

Baie sterkte vir die week wat voorlê. Onthou asseblief dat u ons enige tyd kan kontak as daar ‘n skoolprobleem is wat ons dalk vir u kan oplos.

JV-groete



A DOWD
HOOF

# KALENDER 2020

**January 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**February 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |

**March 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

**April 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

**May2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |
| 31 | | | | | | |

**June 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| 28 | 29 | 30 | | | | |

**July 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | |

**August 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

**September 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |

**October 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 64 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**November 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | | | | | |

**December 2020**

| S | M | T | W | T | F | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**KEY**

| | |
|---|---|
| | Weekends |
| | Days for administration |
| | School days |
| | Public holidays |
| | Revised School holidays |

| TERM | Duration | No. of weeks | No. of days | No. of public holidays | Actual no. of school days |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (13) 15 Jan – 18 March | 10 | (48) 46 | 00 | (48) 46 |
| 2 | (01 June) 08 June – 07 August | (10) 09 | (50) 45 | 01 | (49) 44 |
| 3 | 12 August – 23 September | 07 | 31 | 00 | 31 |
| 4 | 05 October – 15 December | 11 | 52 | 00 | 52 |
| | Total | (38) 37 | (181) 174 | 01 | (180) 173 |

| Public and School Holidays 2020 | |
|---|---|
| **01 January** | New Year's Day |
| **21 March** | Human Rights Day |
| **10 April** | Good Friday |
| **13 April** | Family Day |
| **27 April** | Freedom Day |
| **01 May** | Workers' Day |
| **16 June** | Youth Day |
| **09 August** | National Women's Day |
| **10 August** | Public Holiday |
| **24 September** | Heritage Day |
| **16 December** | Day of Reconciliation |
| **25 December** | Christmas Day |
| **26 December** | Day of Goodwill |